



Privaatskool Elnatan

Die toekoms van die wêreld is vandag in ons klaskamer.

KOSHUISREËLS

1. Met beide oggend- en aandinspeksie staan koshuisgangers reeds klaar aangetrek/verkleed langs die bed en is alles netjies. Alle musiek is afgeskakel. Persone op gangdiens moet sorg dat die gange met oggend- sowel as aandinspeksie gevee is. Badkamers word ook tydens inspeksie gekontroleer.
2. Respekteer en benut die hele oggend stiltetyd. Geen musiek word toegelaat nie. Indien stiltetyd klaar is, moet koshuisgangers wag totdat die volgende klok lui.
3. Wanneer die etensklok lui, tree almal dadelik aan. Die opsigters maak seker dat almal daar is en dat almal skoene aan het.
4. In die geval van siekte moet die kosganger deur middel van sy maats onmiddellik die toesighouer in kennis stel, wat daarna die matrone in kennis stel. Slegs noodvoorraad medisyne word in die koshuis aangehou. Indien 'n leerling ernstig siek is, word ouers versoek om die leerling te kom haal. Hulle mag 'n versoek aan die matrone rig om die leerling na die dokter te neem. Ouers is dan vir die onkoste verantwoordelik.
5. Wanneer die skoolklok om 6:45 lui, word die koshuise gesluit. Leerlinge word nie in die koshuis tydens skoolure toegelaat nie. Toegang tot die koshuis deur 'n personeellid se woonstel sal nie geduld word nie.

Huis Cora word Maandae – Vrydae vanaf 08:00 tot 11:30 gesluit.

Huis Marie, Hessie en Frikkie word Maandae – Vrydae vanaf 08:00 tot 13:00 gesluit.

GEEN OUERS WORD IN DIE KOSHUISE TOEGELAAT TYDENS SKOOLURE NIE!

6. Sluit alle waardevolle besittings voor skool toe.
7. Die dra/saamneem van selfone in die klaskamer, studie-en eetsaal is verbode. Dit geld ook vir seniors wat in hul kamers studeer. Skuldiges se fone word summier gekonfiskeer. Hierdie reël is ook van toepassing na ligte uit en tydens stiltetye. Selfone mag nie na 22:00 gebruik word nie. Huis Cora se selfone word ingeneem en sal slegs Dinsdag- en Donderdagmiddae beskikbaar wees vir gebruik. Huis Marie se selfone word na skool uitgedeel en voor aandete ingeneem.
8. Na middagete moet koshuisgangers reguit kamers toe gaan vir stilte. Koshuisgangers moet sorg dat hul reeds verkleed is met die aanvang van stilte sodat hy/sy rustig en stil op sy/haar bed kan verkeer. Geen musiek en rondlopery in koshuisgange word toegelaat nie. Niemand word op die skoolgronde toegelaat tensy hy/sy 'n verpligte aktiwiteit het nie.
9. Dit is elkeen se plig om sy/haar ouers op hoogte te hou van die koshuisreëls. Geen leerling, wat nie 'n koshuisganger is nie, word in die kamers toegelaat nie.

10. Studie

Wees betyds vir studie. Selfone in die studiesaal is ontoelaatbaar. Geen afsprake sal tydens studie toegelaat word nie. Reël dus afsprake vroegtydig.

11. Ete

Alle etes moet bygewoon word sodat die toesighouer kan weet almal is veilig en teenwoordig. Almal moet betyds wees vir etes. Dit is ontoelaatbaar dat kos aangedra word. Kos word nie in koshuiskamers toegelaat nie. Skottelgoed in kamers is strafbaar. Skoene of plakkies moet tydens aandete en alle etes oor naweke gedra word. Geen persoonlike bekere, borde of skottelgoed word na die eetsaal geneem nie.

12. Koshuisgangers moet sorg dat hul kamers deurentyd netjies is. Niks mag rondlê nie. Tasse word netjies bo-op kaste gebêre. Kaste moet ten alle tye netjies wees.

13. Die drag van koshuisgangers sal ten alle tye deur die toesighouer en prefekte gemonitor word. Die reg word voorgehou om enige leerling terug te stuur indien sy/haar uitrusting onvanpas is.

14. Sou 'n koshuisganger die skoolgronde tydens die week moet verlaat, moet hy/sy toestemming van die toesighouer aan diens kry. Saterdag mag diegene wat inbly tussen 09:00 en 10:00 dorp toe gaan. Woensdagmiddag mag die hoërskoolleerlinge en graad 7-leerlinge dorp toe gaan. Leerlinge wat aan 'n ernstige oortreding skuldig bevind is, mag vir die res van die jaar nie dorp toe gaan nie.

15. Indien 'n koshuisganger die naweek in die koshuis inbly, moet sy/haar ouers die toesighouer skriftelik in kennis stel. Dit kan per e-pos of WhatsApp na die toesighouer aan diens gestuur word. Leerlinge mag in die week slegs uitslaap indien dit saam met sy/haar ouer is.

16. Tydens weekdae word die koshuiskamer vir dogters tien minute na aandstudie gesluit. Seuns wat die gimnasium na studie gebruik moet 21:30 in die koshuis wees. Sondag sluit die hekke stiptelik om 20:00.

17. Geen skootrekenaar mag na aandstudie gebruik word nie. Skootrekenaars moet afgeskakel word en mag slegs vir herlaai ingepronk word.

18. Tydens aandstilte moet elkeen die geleentheid gegun word om sy/haar godsdiens te beoefen. Respekteer dit asseblief.

19. Laatlig in studiekamers word met die toesighouer aan diens gereël. Let wel dat laatlig nie later as 22:30 vergun mag word nie. Daar is geen laatlig vir Huis Cora en Marie nie. Gangligte word onderskeidelik in Huis Marie om 21:00 en Huis Frikkie en Hessie om 22:00 uitgedoof.

20. Prefekte/toesighouer sien toe dat ligte af is met ligte uit. Soggens wanneer almal skool toe gaan, moet die prefekte toesien dat die kamerligte af is.

21. Hou by die voorgeskrewe swemtye en versorg swemklere na die tyd. Geen klere/swemklere mag nog sigbaar hang met oggendinspeksie nie. Swemklere en handdoeke mag nie oor kasdeure of in badkamers gehang word nie. Alle nat klere word op die wasgoeddraad gehang.

22. Rook, steel, vandalisme, vuil taal, ontgroening, alkohol en dwelms is verbode praktyke in die koshuis. So ook die snuif/inasem van petrol, *thinners*, onderarmspuitgoed en enige ander soortgelyke middels. VERMY DIT! Dit word baie swaar gestraf.
23. Ongeag die tyd wanneer die koshuissirene oor naweke en in die week lui, moet koshuisgangers dadelik na hul kamer beweeg om seker te maak dat almal teenwoordig is. Afwesighede sal opgevolg word.
24. Geen koshuisganger mag Sondag die skoolgronde verlaat nadat hy/sy afgelaai is nie.
25. Geskeduleerde medisyne moet aan die opsigter of matrone oorhandig word. Graad 1 tot 4 leerlinge se medisyne moet by die Junior Matrone ingegee word.
26. Sondag word 'n kerkdiens bygewoon. Dit is verpligtend vir alle inwonende leerlinge. Toesighouers sal toesien dat leerlinge by die kerk afgelaai word. Sondagmiddae is dit rustyd tot 15:30. Niemand mag rondloop nie. Let wel dat die hekke gesluit word.
27. Graad 1 tot 6 leerlinge mag slegs op hulle onderskeie speelgronde en op die tjokkerveld speel. Geen leerlinge bo graad 6 mag die afgekampte terrein van die junior- senior primêre koshuise betree nie.
28. Geen juniorleerlinge mag in die seniorkant van die koshuis kom nie en andersom. Nie meer as een persoon word op 'n bed toegelaat nie.
29. Binne die koshuisgebou mag daar nooit gehardloop word nie. Dit geld ook vir handoekslanery, stoeiery, watergooiery en ander rowwe speletjies. Beddens word nooit omgedop nie en geen beddens mag teen mekaar geskuif word nie.
30. Koshuisgangers word geldelik aanspreeklik gehou vir die kamer wat aan hulle toegesê is. Leerlinge betaal die onkoste verbonde aan die breek van ruite, bedplanke, klerehakke en ander skooleiendom.
31. Geen spykers of drukspykers mag in die mure, deure of meubels geslaan word nie. Geen prente mag teen mure of meublement geplak word nie.
32. Elke leerling wat iets breek, sien dat 'n ander iets breek, merk dat iets gebreek is of weet van diefstal moet dit onmiddellik by die toesighouer aan diens aanmeld.
33. Buite besoekers word nie in die slaapkamers van leerlinge toegelaat nie. Dagskoliere mag nie in die koshuis vertoef of oornag nie tensy hulle toestemming van die superintendent het en daarvoor betaal het.
34. Leerlinge wat klere en toerusting in die koshuise gedurende vakansies los, doen dit op eie risiko. Die skool kan nie verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie. Merk veral skoolklere en sweetpakke!
35. Alle kaste moet ontruim wees gedurende vakansies en termynbreuke en kaste mag ook nie gesluit wees nie.
36. Een musieksentrum per kamer word toegelaat. Mag nie groter as 30cm x 15cm wees nie.
37. Geen manspersoon(e) word in Huis Hessie toegelaat nie, behalwe as dit met die superintendent gereël is.
38. Naweke sluit die koshuise se deure vanaf middagete tot 15:00.

39. Alle kragpunte in kamers moet gedurende skooltyd afgeskakel wees.
40. Klere wat deur die koshuis gewas word, moet duidelik gemerk wees.
41. Geen waaiers word toegelaat nie.

PREFEKTE

1. ALLE koshuissake – diefstal, koue water, breekskade, dissipline, bakleiery, rook, drank, dwelms en *uitglip* – moet eerste aan die toesighouer aan diens gerapporteer word, alvorens dit met enige ander persoon of op 'n vergadering bespreek word.
2. Lui klokke op bepaalde tye.
3. Sien toe dat leerlinge presies weet wie op gang-, badkamer- en kamerdiens is.
4. Prefekte wat die week/dag diens doen, moet alreeds Sondagaand in die koshuis wees.
5. Geen straf mag aan enige leerling uitgedeel word indien die toesighouer aan diens nie eerste ingelig is en kennis daarvan dra nie.
6. Sien toe dat alle kamers besems en asdromme het.
7. Inspeksies moet soggens voor skool gehou word.
8. Doen alle inspeksie saam met die toesighouer aan diens.
9. Sien toe dat stiltetye eerbiedig word.
10. Moedig mooi tafelmaniere in eetsaal aan.
11. Sien toe dat leerlinge alreeds voor ontbyt reg aangetrek is.
12. Sien toe dat seuns en dogters slegs op die gras voor die hoërskool kuier en dat hulle hulle gedra soos dit betaam en niemand aanstoot gee nie.

VOORREGTE VAN Matrieks

'n Matriekleerling mag:

1. in hul kamers studeer mits hulle akademiese uitslae dit toelaat. Dit sal deur die adjunkhoof bestuur word.
2. hul eie lessenaar bring.
3. 'n klein yskas per kamer gebruik. Geen ketels, "toasters", mikrogolwe of braaipanne word toegelaat nie.
4. die Graad 8's laat koffie maak voor ligte uit.
5. laat studeer. 22:30 moet alle ligte af wees.

Datum goedgekeur:	November 2019	Goedgekeur deur:	Skoolhoof	
			Bedryfshoof	